Naam: ____________________ Datum: ______________

# Teleskoop

Het jy geweet 'n teleskoop is amper net soos n verkyker? Dit word ook gebruik om voorwerpe te vergroot wat baie vêr is.

'n Teleskoop kan vir ons prente uit die ruimte stuur van dele van die heelal wat ons nie van die aarde af kan sien nie, soos sterre en planete.

Suid-Afrika het sy eie teleskoop naby Sutherland in die Noord-Kaap gebou.



Beantwoord die volgende vrae:

1. Vergroot of verklein 'n teleskoop 'n voorwerp?

   ________________________________________

2. Waarvoor gebruik ons 'n teleskoop?

   ________________________________________

   ________________________________________

3. Waar is Suid-Afrika se teleskoop gebou?

   ________________________________________


Naam: ____________________ Datum: ______________

# Satelliete

'n Satelliet is 'n voorwerp wat om 'n voorwerp wentel. 'n Satelliet se pad word sy wentelbaan genoem. Daar is baie satelliete wat in die wentelbane om die aarde geplaas word, hulle is mensgemaak.

Daar is baie verskillende satelliete. Van hulle samel inligting oor die ruimte in, ander is weersatelliete en ander is kommunikasiesatelliete wat prente en inligting na verskillende wêrelddele stuur.

Die maan wentel om die aarde. Daarom is die maan die aarde se satelliet.



Satelliet wat om planete beweeg

Beantwoord die volgende vrae:

1. Wat is 'n satelliet?

______________________________________________

______________________________________________

2. Wat is 'n wentelbaan?

______________________________________________

______________________________________________

3. Wat is die aarde se satelliet?


______________________________________________

4. Watter verskillende satelliete kry 'n mens?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________




# Planete Rympie


Meneer  Mercurius


Van  Venus


As  Aarde

My  Mars

Jas  Jupiter

Sal  Saturnus


U  Uranus

Nie (pas)  Neptunus

Naam: ____________________ Datum: ______________

# Ons heelal

Daar is 8 planete in die heelal. Ons woon op die aarde. Dit is die enigste planeet waarop diere en mense kan leef.



Die maan is 4 keer kleiner as die aarde. Die maan is 'n koue, dooie bal rots. Ons kan die maan in die aande sien.

Die son is 'n brandende bol gas wat helder in die dag skyn.

Beantwoord die volgende vrae:

1. Hoeveel planete is daar? ______________________________
2. Wat is die maan?

   ____________________________________________________
3. Wat is die son?

   ____________________________________________________
4. Op watter planeet woon diere en mense?

   ____________________________________________________
5. Wanneer sien ons die maan?

   ____________________________________________________


Naam: ____________________ Datum: ______________

# Meteore



Meteore is groot stukke rots. Hulle beweeg totdat hulle die atmosfeer tref en uitbrand.

Hulle word vreeslik warm. As hulle begin smelt lyk hulle soos 'n gloeiende streep in die lug. Dit is 'n verskietende ster.



Wanneer meteore die grond tref voordat hulle uitgebrand is noem ons hulle 'n meteoriete.

Beantwoord die volgende vrae:

1. Wat is 'n meteor?

_______________________________________________

_______________________________________________

2. Wat is 'n ander naam vir 'n meteor?


_______________________________________________

3. Wat is n meteoriet?

_______________________________________________

Naam: ____________________ Datum: ______________

# Skitterende sterre



Sterre is warm balle gas. Hulle skyn baie helder en straal lig en hitte uit. Daar is duisende miljoene sterre in die aand wat ons met 'n teleskoop kan sien.

Sterre is baie ver van ons af weg. Sterre wentel nie om die son nie. Het jy geweet dat die son 'n ster is?

Beantwoord die volgende vrae:

4. Wat is 'n ster?

_______________________________________________

_______________________________________________

5. Is 'n stêr naby of ver van ons af ?

_______________________________________________

6. Is die son 'n ster?

_______________________________________________

# Rumite - Kreatiewe skryfwerk

Kyk na die onderstaande prent. Skryf nou 'n storie oor wat alles in die prent gebeur. Gebruik die woorde in die woordblok om jou te help.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| maan | son | ster | sterre | vuurpyl | marsmannetjie |
| meteoriete | ruimtevaarder | planete | ruimte | | |

